# DIE HERE MAAK 'N GROOT VERSKIL

**SKRIFLESING: Jes 35:1-10**

## KONFERENSIE OOR AARDVERWARMING

Internasionaal – Durban – Cop17 – Probleem? Wêreld kan in woestyn verander!

## DIE WOESTYN WORD 'N TUIN!

Die belofte aan Israel – **teenoorgestelde**: die woestyn sal oortrek word met **affodille** (Namakwaland); die woestyn word 'n tuin *("sal in volle bloei staan" :2*).

Waar is die **mooiste plek** in ons land, dink jy?

In Israel was dit by Karmel, Saron en die Libanon (:2). Die profeet sê die dele waar daar woestyn was, gaan soos die mooiste plekke in die land word!

## DAAR SAL OORGENOEG WATER WEES

Water sal skynbaar nie 'n probleem wees nie. "*Strome water sal uit die woestyn uit bars; daar sal riviere loop in die droeë wêreld."* (:7) Waar daar net sand en klip was, sal daar dan 'n moeras wees met gras en riet en biesies (:7).

## MENSE SAL OOK VERANDER

Dis nie net die **omgewing** wat sal verander nie, maar die mense ook: "*Blindes sal kan ? sien, dowes sal kan ? hoor, lammes sal kan ? rondspring soos takbokke, stommes sal kan ? sing." (:5,6)*

## DAAR SAL 'N TOEKOMS WEES

Dis nie maklik om 'n woestyn oor te steek nie. Dis warm en daar is nie kos en water nie. Maar vlgs die profeet sal daar "'*n grootpad deur die woestyn loop en dit sal bekend staan as die gewyde pad"*. (:8) Op hierdie pad sal jy **veilig** wees. Daar sal nie gevaarlike diere soos leeus of roofdiere wees wat jou kan aanval en verhinder om jou bestemming te bereik nie (:9). (GEVAARLIKSTE DIER?) Daar sal ook nie **mense** op wees wat jou kwaad kan aandoen nie, want daar sal nie *dwase of onrein* mense op wees nie – net mense wat deur die Here **gered** is en wat **reg lewe** (:8,9). Ander Bybel: "*Hierdie pad is bedoel vir mense wat 'n verhouding met die Here het en wat reg lewe. Mense wat God <u>nie ernstig opneem nie</u>, sal nooit die reg hê om hierdie pad te gebruik nie."* (Boodskap)

## 'N VROLIKE REISGESELSKAP

Uiteindelik sal hierdie grootpad deur die woestyn die reisigers **by Sion** uitbring. Dit is 'n ander naam vir die stad Jerusalem. Die vyande het hulle lank vantevore gevang en uit die stad uit weggeneem na Babel toe. Nou kon hulle weer daarheen terugkom en hulle was **verskriklik bly**. Daarom lees ons "*hulle sal al juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydskap, hulle sal vol vreugde en blydskap wees; ellende en smart sal verdwyn." (:10)*

## SKEP MOED

**Hoekom vertel die profeet hulle al hierdie dinge?** "*Bemoedig die wie se hande slap hang, help wie se knieë knik…" (:3).* Hoekom was hulle hande slap en het hulle knieë geknak? Hulle was

*moedeloos* en *ongelukkig.* Op daardie stadium was hulle nog in Babel, in ‘n vreemde land. Hulle het party dae baie *verlang*(“homesick”). Hulle het seker gedink dinge gaan nooit verander nie, daar is vir hulle **geen hoop** nie! Maar dan sê die profeet: “*… sê vir die wat moed verloor het: ‘Wees sterk, moenie bang wees nie, <u>julle God is hier</u>…*”*(:4).*

**Dis niemand minder nie as God self wat die verskil gaan kom maak!** Dit is nie maar mooi sprokies wat hy hulle vertel nie. Dit is die Here self wat die dinge gaan laat verander: “*God kom julle red!” (:4)*

**WANNEER HET DIT, OF GAAN DIT GEBEUR?**

**Het dit toe gebeur?** Ja, hulle is na 70jr toegelaat om na hul land en na Jerusalem toe terug te keer.

Ja, nog baie jare later het God s**y Seun** gestuur. Hy het blindes laat sien, stommes laat praat, dowes laat hoor en lammes laat loop. Hy het ons van ons sondes kom verlos. Mense soos **Saggeus en die besetene** wat tussen die grafte gelewe het, het hul slegte gewoontes laat staan en ‘n nuwe lewe begin.

Dit gebeur **vandag nog waar mense tot bekering kom**. Jesus het vir ons ‘n pad, ‘n **grootpad** deur die woestyn gemaak, **terug** na ons hemelse Vader toe. **Hyself is die Pad** (Joh 14:6). Wie in Hom **glo** en Hom **volg,** sal **veilig** by die bestemming uitkom.

**Hier op aarde** loop die pad maar nog deur die **woestyn.** Alles is nog nie so *mooi en wonderlik* nie. Daar is siekte, misdaad, ongelukke en teleurstellings. Maar ons kan ook nou-al met **blydskap** lewe, want aan die einde van die pad wag vir ons die nuwe Jerusalem! Luister hoe beskryf ‘n ander profeet dit in Openbaring: “*Niemand sal meer daar doodgaan nie. Niemand sal hartseer wees of pyn ken nie. Hierdie slegte dinge van voorheen sal vir ewig en altyd verby wees.” Die Een wat op die troon sit, sê toe: “Kyk mooi, Ek maak alles nuut!”* (21:3-5 in Die Boodskap). **Sal jy nie ook graag deel daarvan wil wees nie?**

**BLY OP DIE PAD**

**Glo in die Here Jesus.** Hy kan **nou al ‘n groot verskil** in jou lewe maak. Hy **wil nie hê** dat jy moedeloos, of bang, of ongelukkig moet wees nie. Sorg dat jy op Sy pad **bly en reg lewe**.

Die **Bybel** is soos ‘n GPS wat ons op die regte pad hou. Ek is bly jy woon die **kategese en eredienste** by. Ek is bly as daar **mense** is wat vir jou *bid* en vir jou ‘n *goeie voorbeeld* stel, want dit help ons ook om op die regte pad te bly.

**Ek hoop <u>jy stel</u> ook**‘n goeie *voorbeeld* en dat jy ook gereeld vir ander *bid*. Daar is ongelukkig nog baie mense wat geestelik lam en blind en doof is. Die Here Jesus wil hê ons moet almal **help waar ons kan** en nie net aan onsself dink nie. (KOPPE IN DIE SAND!).

**WEES BLY**

Laat ons hierdie Kersfeestyd en elke dag daarna **bly en vrolik** wees en hierdie vreugde ook **verder versprei**, want Jesus HET so ‘n groot verskil kom maak en KAN so ‘n groot verskil maak – so **soos** wanneer ‘n woestyn in ‘n blomtuin verander!

**Amen**